
LANDBOUWEEKBLAD
18 May 2012, p.18





# Op hoeveel is 'n vrou geregtig?

Vroue moet insien dat hulle 'n gelyke vennoot in die huwelik is en ook finansiële behoeftes het. Daarom moet hulle op hul regte staan as dit by boedelbeplanning kom en nie alle besluite aan die man oorlaat nie.

Vroue weet nie hoe om met geld te werk nie. Goed, hopelik het ek nou vroue se aandag met hierdie erg manlike, chauvinistiese stelling. Kom ons gesels nou verder.

Sedert ek jare gelede my op die terrein van finansiële beplanning begewe het, is daar een ding wat ek nooit kon verstaan nie. Hoekom is dit die man wat oor finansies moet besluit? Hoekom is dit hy wat moet sê hoe bates, waarvoor al twee saam gewerk het, moet vererf?

Ek dink ons gaan eerder in die sielkunde moet soek vir antwoorde op hierdie en ander vrae waaroor ek loop en wonder. Die eerste punt wat ek wil maak, is: Vroue trek in die meeste gevalle aan die korste ent. Die tweede is: Is dit nie hul eie skuld nie?

Ons leef in 'n tyd waarin almal gelyk is voor die reg, wetgewing ingestel is om geslagsgelykheid te verseker, vroue-organisasies breedsprakig is oor "vroueregte", en dan kom sien man en vrou my oor hul boedelbeplanning en die vrou sit daar en sê: "Praat met my man."

Voor iemand nou vir my sê, jy's 'n man, jy verstaan nie . . . hier is 'n uittreksel uit 'n brief van 'n vrou: "My man was slimmer as ek toe ons 50 jaar gelede getroud is. Ons moes kwansuis nie binne gemeenskap van goed trou nie, want hy kan dalk bankrot raak. Ek het onderwys gegee en kinders grootgemaak. Alles – en dit is heelwat – is deur die jare op sy naam gesit. Plase is bygekoop en ek is nooit oor geldsake geraadpleeg nie. Ek weet ek het geen reg op sy geld nie, maar wil graag 'n mening hoor oor wat billik is, op watter persentasie is 'n vrou geregtig?

"As ek môre sterf, het ek niks om aan my kinders na te laat nie. Ons het saam begin met niks. Hy sit nou met alles wat ons saam bymekaargemaak het."

Sy's nie die enigste een met dié probleem nie. Ek sien gereeld sulke situasies. Hopelik verstaan lesers nou beter wat ek hierbo probeer oordra. Kom ons kyk na 'n paar punte.

Waarop is sy geregtig? Op die helfte, mevrou. Op die helfte. Nie vanweë die regswerking van die huweliksformaat waarbinne julle getroud is nie, want julle is buite gemeenskap van goed getroud. Maar op grond van regverdigheid. As julle skei, is ek seker 'n goeie prokureur sal vir jou kan kry wat jou toekom, daaraan het ek geen twyfel nie.

En as jou man sterf en daar nie vir jou genoeg nagelaat is om dieselfde lewenstandaard te handhaaf as waaraan jy gewoond is nie, kan jy jou beroep op die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades (Wet 27 van 1990). Nie net skep dié wet die geleentheid om 'n eis vir onderhoud teen die boedel van jou man in te stel nie, die eis het dieselfde voorkeur-volgorde as 'n eis namens 'n afhanklike kind. Eenvoudig gestel, dit kry voorkeur bo enige ander bemaking of eis, skuldeisers uitgesonder.

**Begin deur jouself na waarde te skat. Jy is nie net 'n huisvrou nie. Jy is nie net 'n kinderoppasser nie. Jy is 'n gelyke vennoot in daardie huwelik.**

Terloops, selfs met huwelike binne gemeenskap van goed, waar die vrou reeds die helfte van al die bates besit, het sy ook ingevolge hierdie wet toegang tot haar oorlede man se helfte van die gemeenskaplike boedel. Maar dit alles kan net gebeur as die huwelik tot 'n einde kom, hetsy deur egskeiding of deur sterfte.

Om terug te keer na die leser se "slim man". Was hy werklik? As bankrotskap die argument was vir 'n huweliksbedeling buite gemeenskap van goed, dan kan ek in my wildste nagmerrie nie sien hoekom al die bates in sy boedel opgeneem moes word nie. As hy nou bankrot raak – en hy is mos die een wat sake doen, hy is dus die een wat die risiko loop – dan het julle niks, want alles is op sy naam! En só vang slim sy baas.

Anders as om haar aan te raai om te skei of om die arme ou dood te wens, kan ek ongelukkig nie die leser help om te kry waarop ek meen sy geregtig is nie. Maar wat van ander vroue? Diegene wat nog iets aan hul finansiële heil kan doen?

Begin deur jouself na waarde te skat. Jy is nie net 'n huisvrou nie. Jy is nie net 'n kinderoppasser nie. Jy is 'n vennoot in daardie huwelik. En 'n gelyke vennoot daarby. Die probleem is net dat die eerste persoon wat dit moet insien, jyself is.

Dit is nie net die man vir wie boedelbeplanning belangrik is nie. Dit is gekoppel aan jou behoeftes, of hy dit wil weet of nie. Sy beplanning val plat as jy, byvoorbeeld, ingevolge die wet hierbo 'n eis teen sy boedel gaan instel. Of as jy weier om ná sy dood daardie gesamentlike testament met boedelsamesmelting te aanvaar. Hierdie goed moet deurdink word en aandag kry, anders is jou eie, sowel as sy beplanning, daarmee heen. En kan ou Jan Taks boonop 'n vroeë Kersgeskenk kry.

As die man lewensversekering moet hê, hoekom nie jy ook nie? Of het jy nie waarde nie? As jy genoeg lewensversekering het, kan jy minstens dít vir jou kinders nalaat. Dit is 'n spaarrekening vir hulle uitsluitlik.

Ek kan nie voorskriftelik wees nie. Vroue moet gaan dink. Hou jou geldsake uit die slaapkamer. Neem jou eie besluite. Die antwoorde vir jou probleme is daar. Jy moet dit net wil hê.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.*

**Navrae:** *Mnr. Nico van Gijsen, tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314. E-pos:* ***nico@finlac.com***